# Government Gazette

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Vol. 714 | Cape Town Kaapstad | 20 December 2024 | No. 51805


## THE PRESIDENCY

**No. 5724** **20 December 2024**

It is hereby notified that the President has assented to the following Act, which is hereby published for general information:—

**Act No. 29 of 2024: Statistics Amendment Act, 2024**

## DIE PRESIDENSIE

**No. 5724** **20 Desember 2024**

Hierby word bekend gemaak dat die President sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

**No. 29 van 2024: Wysigingswet op Statistieke, 2024**


ISSN 1682-5845

51805

9 771682 584003



AIDS HELPLINE: 0800-0123-22 Prevention is the cure

**GENERAL EXPLANATORY NOTE:**

| | |
|---|---|
| **[ ]** | Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments. |
| ______ | Words underlined with a solid line indicate insertions in existing enactments. |

*(English text signed by the President)*
*(Assented to 10 December 2024)*

# ACT

**To amend the Statistics Act, 1999, so as to substitute certain definitions and insert new definitions; to amend the provisions dealing with the powers and duties of the Statistician-General; to make provision for the development and implementation of the National Statistics System and National Strategy for the Development of Statistics by the Statistician-General; to strengthen co-ordination and enhance collaboration amongst data producers and data users by creating an enabling environment for the production and consumption of quality statistics within the Republic; to make provision for the establishment of statistics units by organs of state, the submission of annual statistics plans and annual reports by organs of state and the establishment of the Statistical Clearing House in order to promote the functions and objectives of the National Statistics System; to empower the Minister to make regulations, and to provide for matters connected therewith.**

**B**E IT ENACTED by the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

**Amendment of section 1 of Act 6 of 1999**

**1.** Section 1 of the Statistics Act, 1999 (Act No. 6 of 1999), (hereinafter referred to as the ''principal Act''), is hereby amended—

*(a)* by the insertion after the definition of ''document'' of the following definition:

''**'entity within the NSS'** means—

(i) an organ of state; and

(ii) any organisation, non-profit organisation, or business that produces and uses statistics or collects data;'';

*(b)* by the insertion after the definition of ''entity within the NSS'' of the following definition:

''**'geographic information'** means information related to place, space and more specifically, information about spatial objects or features and their attributes and may also be referred to as geo-spatial information;'';

*(c)* by the substitution for the definition of ''Minister'' of the following definition:

''**'Minister'** means the Minister **[of Finance]** in The Presidency or such other Minister as the President may assign to be the executing authority for the purposes of this Act;'';

**ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:**

| | |
|---|---|
| **[ ]** | Woorde in vetdruk in vierkantige hakies dui weglatings uit bestaande verordeninge aan. |
| ______ | Woorde met 'n volstreep daaronder dui invoegings in bestaande verordeninge aan. |

*(Engelse teks deur die President geteken)*
*(Goedgekeur op 10 Desember 2024)*

# WET

**Tot wysiging van die Wet op Statistieke, 1999, ten einde sekere woordomskrywings te vervang en nuwe woordomskrywings in te voeg; die bepalings wat oor die bevoegdhede en pligte van die Statistikus-generaal handel, te wysig; voorsiening te maak vir die ontwikkeling en inwerkingstelling van die Nasionale Statistiekestelsel en Nasionale Strategie vir die Ontwikkeling van Statistieke deur die Statistikus-generaal; koördinasie te versterk en samewerking tussen datavervaardigers en datagebruikers te verbeter deur 'n instaatstellende omgewing te skep vir die produksie en verbruik van gehalte statistieke binne die Republiek; voorsiening te maak vir die instelling van Statistiese eenhede deur staatsorgane, die voorlegging van jaarlikse statistiekplanne en jaarverslae deur staatsorgane en die instelling van die Statistiese Klaringshuis ten einde die werksaamhede en oogmerke van die Nasionale Statistiekstelsel te bevorder; die Minister te magtig om regulasies te maak, en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

DAAR WORD BEPAAL deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

**Wysiging van artikel 1 van Wet 6 van 1999**

**1.** Artikel 1 van die Wet op Statistieke, 1999 (Wet No. 6 van 1999), (hierna die ''Hoofwet'' genoem), word hierby gewysig—

*(a)* deur die omskrywing van ''ander organisasie'' deur die volgende omskrywing te vervang:

''**'ander organisasie'** enige nieregerings- of niewinsgewende organisasie, vrywillige vereniging of ander organisasie uitgesonderd 'n besigheid, huishouding of staatsorgaan wat nie deel van die entiteite in die NSS uitmaak nie;'';

*(b)* deur die volgende omskrywing na die omskrywing van ''ander organisasie'' in te voeg:

''**'ander statistieke'** statistieke wat nie deur die Statistikus-generaal as amptelik aangewys is nie;'';

*(c)* deur die volgende omskrywings na die omskrywing van ''dokument'' in te voeg:

''**'entiteit binne die NSS'**—

(i) 'n staatsorgaan; en

(ii) enige organisasie, organisasie sonder winsoogmerk, of besigheid wat statistieke produseer of data insamel;

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

*(d)* by the insertion, after the definition of ''Minister'', of the following definition:

''**'National Statistics System'** ('NSS') means the ensemble of statistical organisations and units within the Republic of South Africa, that jointly collect, process and disseminate official and other statistics;'';

*(e)* by the substitution for the definition of ''other organisation'' of the following definition:

''**'other organisation'** means any non-governmental or non-profit organisation, voluntary association or other organisation other than a business, household or organ of state that does not form part of the entities within the NSS;'';

*(f)* by the insertion, after the definition of ''other organisation'' of the following definitions:

''**'other statistics'** means statistics which have not been designated as official by the Statistician-General;

**'prescribed'** means prescribed by regulation;'';

*(g)* by the substitution in the definition of ''return'' for paragraph *(b)* of the following paragraph:

''*(b)* an officer of Statistics South Africa or of **[another organ of state]** any entity within the NSS which produces statistics,'';

*(h)* by the insertion, after the definition of ''return'' of the following definition:

''**'SASQAF'** means 'South African Statistical Quality Assessment Framework' as determined by the Statistician-General;'';

*(i)* by the substitution at the end of the definition of ''Statistics South Africa'' for the full stop of a semicolon; and

*(j)* by the insertion after the definition of ''Statistics South Africa'' of the following definition:

''**'this Act'** includes any regulations made in terms of this Act.''.

**Insertion of section 1A into Act 6 of 1999**

**2.** The following section is hereby inserted after section 1 of the principal Act:

''**Conflict with other legislation**

**1A.** The provisions of this Act prevail where there is a conflict relating to the matters dealt with in this Act between this Act and the provisions of any other law, save for the Constitution or any Act expressly amending this Act.''.

**Amendment of section 2 of Act 6 of 1999**

**3.** Section 2 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution for paragraph *(a)* of the following paragraph:

''*(a)* a Statistician-General as the Statistician-General of the Republic of South Africa and the head of Statistics South Africa and for a Council;''; and

*(b)* by the substitution for paragraph *(c)* of the following paragraph:

''*(c)* co-ordination between Statistics South Africa and other **[organs of state]** entities within the NSS that produce official or other statistics;''.

**Amendment of section 3 of Act 6 of 1999**

**4.** Section 3 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution for the heading of the following heading:

''**Purpose of official statistics, [and] statistical principles and the NSS**''; and

*(b)* by the addition of the following subsections after subsection (2):

''(3) The purpose of the NSS is to serve as a coordination structure for the production and use of official and other statistics.

**'geografiese inligting'** inligting met betrekking tot plek, ruimte, en meer spesifiek, inligting oor ruimtelike voorwerpe of kenmerke en hul eienskappe en kan ook geo-ruimtelike inligting genoem word;'';

*(d)* deur die volgende omskrywing na die omskrywing van ''Grondwet'' in te voeg:

''**'hierdie Wet'** ook enige regulasies ingevolge hierdie Wet uitgereik;'';

*(e)* deur die omskrywing van ''Minister'' deur die volgende omskrywing te vervang:

''**'Minister**' die Minister **[van Finansies]** in Die Presidensie of sodanige ander Minister wat deur die President aangewys word om die uitvoerende gesag vir die doeleindes van hierdie Wet te wees;'';

*(f)* deur die volgende omskrywing na die omskrywing van ''Minister'' in te voeg:

''**'Nasionale Statistiekstelsel'** ('NSS') die groep statistiekorganisasies en -eenhede binne die Republiek van Suid-Afrika wat gesamentlik amptelike en ander statistieke insamel, verwerk en versprei;'';

*(g)* deur in die omskrywing van ''opgawe'' paragraaf *(b)* deur die volgende paragraaf te vervang:

''*(b)* 'n beampte van Statistieke Suid-Afrika of van **['n ander staatsorgaan]** enige entiteit binne die NSS wat statistieke produseer,'';

*(f)* deur die volgende omskrywing na die omskrywing van ''respondent'' in te voeg:

''**'SASQAF'** die 'Suid-Afrikaanse Statistiese Gehaltebeoordelings-raamwerk' soos deur die Statistikus-generaal bepaal;''; en

*(h)* deur die volgende omskrywing na die omskrywing van ''Statistikus-generaal'' in te voeg:

''**'voorgeskryf'** by regulasie voorgeskryf;''.

**Invoeging van artikel 1A in Wet 6 van 1999**

**2.** Die volgende artikel word hierby na artikel 1 van die Hoofwet ingevoeg:

''**Teenstrydigheid met ander wetgewing**

**1A.** Die bepalings van hierdie Wet geld indien daar teenstrydigheid is tussen hierdie Wet en die bepalings van enige ander wetsbepaling oor die aangeleenthede waaroor hierdie Wet handel, met uitsondering van die Grondwet of enige Wet waardeur hierdie Wet uitdruklik gewysig word.''.

**Wysiging van artikel 2 van Wet 6 van 1999**

**3.** Artikel 2 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur paragraaf *(a)* deur die volgende paragraaf te vervang:

''*(a)* 'n Statistikus-generaal as die Statistikus-generaal van die Republiek van Suid-Afrika en as hoof van Statistieke Suid-Afrika en vir 'n Raad;''; en

*(b)* deur paragraaf *(c)* deur die volgende paragraaf te vervang:

''*(c)* koördinering tussen Statistieke Suid-Afrika en ander **[staatsorgane]** entiteite binne die NSS wat amptelike en ander statistieke produseer;''.

**Wysiging van artikel 3 van Wet 6 van 1999**

**4.** Artikel 3 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur die opskrif deur die volgende opskrif te vervang:

''**Doel van amptelike statistieke, [en] statistiese beginsels en NSS**''; en

*(b)* deur die volgende subartikels na subartikel (2) in te voeg:

''(3) Die doel van die NSS is om as 'n koördineringstruktuur vir die produksie en gebruik van amptelike en ander statistieke te dien.

(4) Entities within the NSS other than organs of state, must enter into partnership agreements with the Statistician-General in terms of section 14(11)*(b),* for the purpose of increasing the body of official and other statistics.

(5) The NSS must conduct its work in accordance with the United Nations Fundamental Principles of Official Statistics and other relevant domestic, regional, continental and global frameworks governing the production and use of statistics.''.

**Amendment of section 4 of Act 6 of 1999**

**5.** Section 4 of the principal Act is hereby amended by the substitution in subsection (1) for the words preceding paragraph (*a*) of the following words:

''(1) Statistics South Africa referred to as **[an organisational component]** a national department in the first column of Schedule **[2]** 1 to the Public Service Act **[and for the purposes of the application of that Act, in terms of section 7(4)*(a)* of that Act, regarded to be a department]**—''.

**Amendment of section 7 of Act 6 of 1999**

**6.** Section 7 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution in subsection (1) for the full stop at the end of paragraph *(e)*(vi) of ''; and'';

*(b)* by the addition in subsection (1) of the following paragraph:

''*(f)* is the custodian of all official data including that arising from commissioned and collaborative work.'';

*(c)* by the substitution in subsection (2) for paragraph *(a)* of the following paragraph:

''*(a)* cause a population census to be taken **[in the year 2001 and]** every **[five]** 10 years thereafter, on a date determined by the Minister by notice in the *Gazette*, unless the Minister, on the advice of the Statistician-General and by notice in the *Gazette*, determines otherwise;'';

*(d)* by the substitution in subsection (2) for paragraph *(f)* of the following paragraph:

''*(f)* provide statistical advice to **[other organs of state]** entities within the NSS;'';

*(e)* by the substitution in subsection (2)(*j*) for the words preceding subparagraph (i) of the following words:

''establish and maintain such offices in the provinces as he or she considers necessary, having regard to the needs for official and other statistics for provinces and **[other organs of state]** entities within the NSS, on condition that— '';

*(f)* by the substitution in subsection (2)*(j)* for subparagraph (i) of the following subparagraph:

''(i) service-level agreements or memoranda of understanding are entered into between Statistics South Africa and **[the provinces]** provincial and local government institutions in question; and'';

*(g)* by the substitution at the end of subsection (2)(*k*) for the full stop of a semicolon;

*(h)* by the addition in subsection (2) of the following paragraphs:

''*(l)* establish a body or unit within Statistics South Africa to coordinate the entities within the NSS; and

*(m)* publish all official statistics including those arising from commissioned and collaborative work.'';

*(i)* by the substitution in subsection (3) for paragraph *(b)* of the following paragraph:

''*(b)* in terms of section 14(7), designate statistics produced by Statistics South Africa or **[other organs of state]** entities within the NSS as official statistics;'';

*(j)* by the substitution in subsection (3)(*g*) at the end of subparagraph (iii) for the full stop of ''; and'';

(4) Entiteite binne die NSS anders as staatsorgane, moet vennootskapsooreenkomste met die Statistikus-generaal aangaan ingevolge artikel 14(11)*(b)*, met die doel om die liggaam van amptelike en ander statistieke te vergroot.

(5) Die NSS moet hul werk verrig ooreenkomstig die Verenigde Nasies se fundamentele beginsels van amptelike statistieke en ander tersaaklike binnelandse, streeks-, vastelands- en globale raamwerke wat die produksie en gebruik van statistieke beheer.''.

**Wysiging van artikel 4 van Wet 6 van 1999**

**5.** Artikel 4 van die Hoofwet word hierby gewysig deur in subartikel (1) die woorde wat paragraaf *(a)* voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

''(1) Statistieke Suid Afrika, waarna in die eerste kolom van Bylae **[2]** 1 by die Staatsdienswet as 'n **[organisasiekomponent]** nasionale departement verwys word **[en wat vir die doeleindes van daardie Wet, ingevolge artikel 7(4)*(a)* van daardie Wet, geag word 'n departement te wees]**—''.

**Wysiging van artikel 7 van Wet 6 van 1999**

**6.** Artikel 7 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur in subartikel (1) die punt aan die einde van paragraaf *(e)*(vi) deur ''; en'' te vervang;

*(b)* deur in subartikel (1) die volgende paragraaf by te voeg:

''*(f)* is die bewaker van alle amptelike data met inbegrip van die data wat uit werk waarvoor opdrag gegee is en wat deur medewerking geskep is, voortspruit.'';

*(c)* deur in subartikel (2) paragraaf *(a)* deur die volgende paragraaf te vervang:

''*(a)* 'n bevolkingsensus laat opneem **[in die jaar 2001 en]** elke **[vyf]** 10 jaar daarna, op 'n datum wat deur die Minister by kennisgewing in die *Staatskoerant* bepaal word, tensy die Minister op advies van die Statistikus-generaal en by kennisgewing in die *Staatskoerant* anders bepaal;'';

*(d)* deur in subartikel (2) paragraaf *(f)* deur die volgende paragraaf te vervang:

''*(f)* **[ander staatsorgane]** entiteite binne die NSS van statistiese advies voorsien;'';

*(e)* deur in subartikel (2)*(j)* die woorde wat subparagraaf (i) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

''in die provinsies die kantore instel en in stand hou wat hy of sy nodig ag, met inagneming van die behoeftes van provinsies en **[ander staatsorgane]** entiteite binne die NSS aan amptelike en ander statistieke op voorwaarde dat—'';

*(f)* deur in subartikel (2)*(j)* subparagraaf (i) deur die volgende subparagraaf te vervang:

''(i) diensvlakooreenkomste of memorandums van verstandhouding aangegaan word tussen Statistieke Suid-Afrika en die betrokke **[provinsies]** provinsiale en plaaslike staatsinstellings; en'';

*(g)* deur aan die einde van subartikel (2)*(k)* die punt deur 'n kommapunt te vervang;

*(h)* deur die volgende subparagrawe in subartikel (2) by te voeg:

''*(l)* 'n liggaam of eenheid binne Statistieke Suid-Afrika stig om die entiteite binne die NSS te koördineer; en

*(m)* alle amptelike statistieke publiseer, met inbegrip van dié wat uit werk waarvoor opdrag gegee is en wat deur medewerking geskep is, voortspruit.'';

*(i)* deur paragraaf *(b)* in subartikel (3) deur die volgende paragraaf te vervang:

''*(b)* ingevolge artikel 14(7), statistieke wat deur Statistieke Suid-Afrika of **[ander staatsorgane]** entiteite binne die NSS geproduseer is, as amptelike statistieke aanwys;'';

*(j)* deur in subartikel (3)*(g)* aan die einde van subparagraaf (iii) die punt te vervang deur ''; en'';

*(k)* by the addition in subsection (3) of the following paragraph:

"*(h)* promote and assist statistical research, in particular, by providing access, (where he or she may lawfully do so), to data under his or her curatorship."; and

*(l)* by the addition of the following subsection after subsection (5):

"(6) The Statistician-General must, for the purpose of producing official statistics, have access to any data from any producer or entity within the NSS.".

**Amendment of section 13 of Act 6 of 1999**

**7.** Section 13 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution in subsection (1) for the words preceding paragraph *(a)* of the following words:

"(1) The Council must advise the Minister, the Statistician-General or an **[organ of state]** entity within the NSS which produces statistics with regard to—";

*(b)* by the substitution in subsection (1) for paragraph *(a)* of the following paragraph:

"*(a)* matters referred to the Council by the Minister, the Statistician-General or that **[organ of state]** entity within the NSS;";

*(c)* by the substitution in subsection (2) for paragraph *(c)* of the following paragraph—

"*(c)* an environment which is supportive of the collection, production, storage, dissemination and use of official statistics."; and

*(d)* by the substitution for subsection (5) of the following subsection:

"(5) The Statistician-General must provide the Council with such secretarial **[and]**, clerical assistance and specialised skills as is necessary for the effective performance of the functions of the Council.".

**Amendment of section 14 of Act 6 of 1999**

**8.** Section 14 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution for the heading of the following heading:

"**Statistical co-ordination among [organs of state] entities within NSS**";

*(b)* by the substitution in subsection (6) for the words preceding paragraph *(a)* of the following words:

"The Statistician-General may advise **[any organ of state]** entities within the NSS regarding the application of appropriate quality criteria and standards, classifications and procedures for statistics—"; and

*(c)* by the addition of the following subsections after subsection (12):

"(13) In order to promote statistical co-ordination among entities within the NSS, the Statistician-General must—

*(a)* develop and implement a statistical system for the NSS; and

*(b)* develop and implement a National Strategy for the Development of Statistics.

(14) The purpose of the National Strategy for the Development of Statistics is to—

*(a)* develop statistical capacity within Statistics South Africa and other entities within the NSS in the form of skills and infrastructure for official statistics in order to support—

(i) the monitoring and evaluation programme of the national and sector statistics strategies;

(ii) planning and decision-making in the three spheres of government and other organs of state;

(iii) the meeting of national, international and other reporting obligations of the state; and

(iv) the building of statistical capacity in the form of statistics units within organs of state;

*(b)* provide a strategic framework for developing appropriate forms of, and uses for, statistics;

*(k)* deur in subartikel (3) die volgende paragraaf by te voeg:

“*(h)* statistiese navorsing, in die besonder, te bevorder en by te staan deur toegang te voorsien (waar hy of sy dit wettig mag doen), tot data onder sy of haar kuratorskap.”; en

*(l)* deur die volgende subartikel na subartikel (5) in te voeg:

“(6) Die Statistikus-generaal moet, vir die doel van die produksie van amptelike statistieke, toegang hê tot enige data van enige produsent of enige entiteit binne die NSS.”.

**Wysiging van artikel 13 van Wet 6 van 1999**

**7.** Artikel 13 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur in subartikel (1) die woorde wat paragraaf *(a)* voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

“(1) Die Raad moet die Minister, die Statistikus-generaal of ’n **[staatsorgaan]** entiteit binne die NSS wat statistieke produseer, met betrekking tot—”;

*(b)* deur in subartikel (1) paragraaf *(a)* deur die volgende paragraaf te vervang:

“*(a)* aangeleenthede wat deur die Minister, die Statistikus-generaal of daardie **[staatsorgaan]** entiteit binne die NSS na die Raad verwys word;”;

*(c)* deur in subartikel (2) paragraaf *(c)* deur die volgende paragraaf te vervang:

“*(c)* ’n omgewing wat die versameling, produksie, berging, verspreiding en gebruik van amptelike statistieke ondersteun, bevorder en beskerm.”; en

*(d)* deur subartikel (5) deur die volgende subartikel te vervang:

“(5) Die Statistikus-generaal moet die Raad voorsien van die sekretariële **[en]**, klerklike bystand en gespesialiseerde vaardighede wat nodig is vir die doeltreffende verrigting van die funksies van die Raad.”.

**Wysiging van artikel 14 van Wet 6 van 1999**

**8.** Artikel 14 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur die opskrif deur die volgende opskrif te vervang:

“**Statistiese koördinering tussen [staatsorgane] entiteite binne NSS**”;

*(b)* deur in subartikel (6) die woorde wat paragraaf *(a)* voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

“Die Statistikus-generaal kan **[enige staatsorgaan]** entiteite binne die NSS adviseer betreffende die toepassing van gepaste gehaltemaatstawwe en standaarde, klassifikasies en prosedures vir statistieke—”; en

*(c)* deur die volgende subartikels na subartikel (12) in te voeg:

“(13) Ten einde statistiese koördinering tussen entiteite binne die NSS te bevorder, moet die Statistikus-generaal—

*(a)* ’n statistiese stelsel vir die NSS ontwikkel en in werking stel; en

*(b)* ’n Nasionale Strategie vir die Ontwikkeling van Statistieke ontwikkel en in werking stel.

(14) Die doel van die Nasionale Strategie vir die Ontwikkeling van Statistieke is om—

*(a)* statistiese kapasiteit binne Statistieke Suid-Afrika en ander entiteite binne die NSS te ontwikkel in die vorm van vaardighede en infrastruktuur vir amptelike statistieke, ten einde ondersteuning te verskaf vir—

(i) die moniterings- en evalueringsprogram van die nasionale en sektorale strategieë oor statistieke;

(ii) beplanning en besluitneming in die drie regeringsfere en ander staatsorgane;

(iii) voldoening aan nasionale, internasionale en ander verslagdoeningsverpligtinge van die staat; en

(iv) die bou van statistiese kapasiteit in die vorm van statistiese eenhede binne staatsorgane;

*(b)* ’n strategiese raamwerk te voorsien vir die ontwikkeling van gepaste vorme van, en gebruike vir, statistieke;

*(c)* develop an overall vision for the development of the NSS;

*(d)* develop a comprehensive framework for continual assessment of evolving user needs and priorities for statistics and for building the capacity needed to meet those needs;

*(e)* provide a framework for mobilising and managing resources nationally and internationally; and

*(f)* provide a basis for the effective and strategic management of the NSS.

(15) The Statistician-General must, in order to promote the functions and objectives of the NSS, establish, oversee and co-ordinate the activities of the following structures:

*(a)* A committee, comprising representatives of Statistics South Africa, other entities within the NSS and other stakeholders who may be appointed by the Statistician-General, which must be responsible for overseeing the co-ordination of statistical projects in the NSS, with specific reference to statistical production by entities within the NSS and the measurable development outcomes of government;

*(b)* working groups, comprising technical experts in data handling and analysis from various entities within the NSS, which must be responsible for assembling and validating data on a sectoral basis for all national and international statistical reporting, with specific reference to statistical production by entities within the NSS and the measurable development outcomes of government;

*(c)* a secretariat, to be provided from the resources of Statistics South Africa, which must be responsible for co-ordinating the operations of the NSS in relation to its administrative, documentation and other service needs;

*(d)* stakeholder fora, comprising representatives of Statistics South Africa and other organs of state, international agencies, business, organised labour and civil society, at national, provincial and local levels, which must provide a mechanism for discussing issues, concerns and new developments in official statistics and must facilitate dialogue in relation to the proposed direction of statistical development and production, nationally;

*(e)* a Statistical Clearing House, the composition of which must be determined by the Statistician-General, who must appoint its members and the purpose of which is to—

  (i) rationalise surveys being undertaken by various organs of state or entities within the NSS in order to remove duplication;

  (ii) utilise a national catalogue or inventory of data sources for producing official and other statistics;

  (iii) make recommendations to the Statistician-General regarding new statistical collections, variations and discontinuance of existing undertakings; and

*(f)* a state-wide statistics service, which comprises of officials from Statistics South Africa and other entities within the NSS responsible for collection, processing, analysis, storage and dissemination of statistics.

(16) The Statistician-General must develop a code of ethics or conduct for professionals and others involved in the production of statistics within the NSS.

(17) The Statistician-General must establish and maintain a statistical training programme to enhance statistical capacity in the NSS.

(18) The Statistician-General must develop protocols for access to, and data sharing amongst, entities within the NSS.

*(c)* ’n oorkoepelende visie vir die ontwikkeling van die NSS te ontwikkel;

*(d)* ’n omvattende raamwerk te ontwikkel vir voortgesette beoordeling van die ontwikkelende behoeftes van gebruikers en prioriteite vir statistieke en om die kapasiteit te bou om aan daardie behoeftes te voldoen;

*(e)* ’n raamwerk te voorsien vir die mobilisasie en bestuur van hulpbronne op nasionale en internasionale vlak; en

*(f)* ’n basis te voorsien vir die doeltreffende en strategiese bestuur van die NSS.

(15) Die Statistikus-generaal moet, ten einde die werksaamhede en oogmerke van die NSS te bevorder, die aktiwiteite van die volgende strukture instel, toesig daaroor hou en koördineer:

*(a)* ’n Komitee, bestaande uit verteenwoordigers van Statistieke Suid-Afrika, ander entiteite binne die NSS en ander belanghebbendes wat deur die Statistikus-generaal aangestel kan word, wat verantwoordelik moet wees vir toesig oor die koördinering van statistiese projekte in die NSS, in die besonder statistiese produksie deur entiteite binne die NSS en die meetbare ontwikkelingsuitkomste van die staat;

*(b)* werksgroepe, bestaande uit tegniese kundiges in datahantering en -analise vanaf verskeie entiteite binne die NSS, wat verantwoordelik moet wees vir die samestelling en validasie van data op ’n sektorale grondslag vir alle nasionale en internasionale statistiese verslagdoening, in die besonder statistiese produksie deur entiteite binne die NSS en die meetbare ontwikkelingsuitkomste van die staat;

*(c)* ’n sekretariaat, wat voorsien moet word uit die hulpbronne van Statistieke Suid-Afrika, wat verantwoordelik moet wees vir die koördinering van die bedrywighede van die NSS met betrekking tot die NSS se behoeftes ten opsigte van administrasie, dokumentasie en ander dienste;

*(d)* belanghebbendeforums, bestaande uit verteenwoordigers van Statistieke Suid-Afrika en ander staatsorgane, internasionale agentskappe, besigheid, georganiseerde arbeid en die burgerlike samelewing, op nasionale, provinsiale en plaaslike vlakke, wat ’n meganisme voorsien vir die bespreking van kwessies, kwellings en nuwe ontwikkelings in amptelike statistieke en moet dialoog vergemaklik oor die voorgestelde rigting van statistiese ontwikkeling en produksie, nasionaal;

*(e)* ’n Statistiese Klaringshuis, waarvan die samestelling deur die Statistikus-generaal bepaal moet word, wat die lede daarvan moet aanstel en waarvan die doel is om—

(i) opnames te rasionaliseer wat deur verskeie staatsorgane of entiteite binne die NSS onderneem word ten einde duplisering uit te skakel;

(ii) ’n nasionale katalogus of inventaris van databronne te gebruik vir die produksie van amptelike en ander statistieke;

(iii) aanbevelings aan die Statistikus-generaal te doen oor nuwe statistiese versamelings, variasies en stakings van bestaande ondernemings; en

*(f)* ’n staatswye statistiekdiens, wat bestaan uit beamptes van Statistieke Suid-Afrika en ander entiteite binne die NSS wat verantwoordelik is vir die versameling, verwerking, ontleding, berging en verspreiding van statistieke.

(16) Die Statistikus-generaal moet ’n etiese of gedragskode ontwikkel vir professionele persone en ander betrokke by die produksie van statistieke in die NSS.

(17) Die Statistikus-generaal moet ’n statistiese opleidingsprogram daarstel en in stand hou om statistiese kapasiteit in die NSS te verbeter.

(18) Die Statistikus-generaal moet protokolle ontwikkel vir toegang tot en datadeling tussen entiteite binne die NSS.

(19) Statistical data produced by an organ of state for the purpose of formulating policy or for public consumption, must be produced by that organ of state—

*(a)* in accordance with the provisions of this Act; and

*(b)* in a manner and form aimed at ensuring the attainment of the objectives of the Act contemplated in section 2*(c)* and *(d)*.

(20)*(a)* Entities within the NSS must produce, or be involved in the production of, official statistics or statistics which may potentially be designated as official statistics and must participate in the development and implementation of the National Strategy for the Development of Statistics and the NSS.

*(b)* The Statistician-General must provide such entities with assistance, facilitation and co-ordination as may reasonably be required for that purpose.

(21) An organ of state required to produce, or to be involved in the production of, official statistics or statistics which may potentially be designated as official statistics, must establish a statistics unit within such organ of state, which unit must—

*(a)* be established using the resources of that organ of state;

*(b)* be headed by an official appointed by the accounting officer or head of such organ of state, in consultation with the Statistician-General, who must possess the necessary level of seniority to enable access to, and to advise the accounting officer or head of such organ of state in relation to, the issues for which such unit is responsible;

*(c)* be a unit operationally independent of, and not subject to the control of, or interference by, other operational units or components within such organ of state;

*(d)* be established in accordance with the guidance of the Statistician-General;

*(e)* be responsible for ensuring that—

(i) the production and handling of data within such organ of state complies with the SASQAF and other standards and guidelines as may be determined from time to time by the Statistician-General; and

(ii) the protocol for the release of official statistics determined from time to time by Statistics South Africa, the United Nations Principles of Official Statistics and the African Charter on Statistics, conforms to relevant regional, continental and global frameworks governing the production and use of statistics; and

*(f)* in relation to administrative and employment issues and its work programme, be accountable to the accounting authority of such organ of state and must, in relation to professional standards for the production and handling of data and statistics within that organ of state, act in accordance with the guidance of the Statistician-General.

(22) Every entity within the NSS—

*(a)* must comply with all standards for the production of official statistics issued from time to time by the Statistician-General;

*(b)* must, in relation to official statistics or statistics which may potentially be designated as official statistics which that entity produces from registers, administrative records or lists, or surveys, ensure that they comply with the requirements of the SASQAF determined by the Statistician-General; and

*(c)* may seek technical support and advice from Statistics South Africa in relation to the development of registers and the execution of surveys and compliance with the SASQAF.

(19) Statistiese data wat deur 'n staatsorgaan geproduseer word vir die doel van die formulering van beleid of wat vir openbare verbruik geproduseer word, moet deur daardie staatsorgaan geproduseer word—

*(a)* ooreenkomstig die bepalings van hierdie Wet; en
*(b)* op 'n wyse en vorm wat daarop gemik is om die bereiking van die doelwitte van die Wet beoog in artikel 2*(c)* en *(d)*, te verseker.

(20)*(a)* Entiteite binne die NSS moet amptelike statistieke of statistieke wat moontlik as amptelike statistieke aangewys kan word, produseer, of betrokke wees by die produksie daarvan, en moet deelneem aan die ontwikkeling en inwerkingstelling van die Nasionale Strategie vir die Ontwikkeling van Statistieke en die NSS.

*(b)* Die Statistikus-generaal moet sodanige entiteite van bystand, fasilitering en koördinering voorsien wat redelikerwys vir daardie doel nodig mag wees.

(21) 'n Staatsorgaan wat amptelike statistieke of statistieke wat moontlik as amptelike statistieke aangewys kan word, moet produseer, of wat betrokke moet wees by die produksie daarvan, moet 'n statistiek-eenheid binne sodanige staatsorgaan instel, welke eenheid—

*(a)* gestig moet word met gebruik van die hulpbronne van daardie staatsorgaan;
*(b)* gelei moet word deur 'n beampte wat deur die rekenpligtige beampte of hoof van sodanige staatsorgaan, in oorleg met die Statistikus-generaal, aangestel is, wat 'n gepaste vlak van senioriteit moet hê om toegang moontlik te maak tot, en raad te gee aan, die rekenpligtige beampte of hoof van daardie staatsorgaan in verband met die kwessies waarvoor daardie eenheid verantwoordelik is;
*(c)* 'n eenheid moet wees wat operasioneel onafhanklik is van, en nie onderworpe is aan die beheer van, of inmenging deur, ander operasionele eenhede of komponente binne sodanige staatsorgaan nie;
*(d)* ingestel moet word ooreenkomstig die leiding van die Statistikus-generaal;
*(e)* die verantwoordelikheid moet hê om te verseker dat—
    (i) die produksie en hantering van data binne sodanige staatsorgaan voldoen aan die SASQAF en ander standaarde en riglyne soos van tyd tot tyd deur die Statistikus-generaal bepaal kan word; en
    (ii) die protokol vir die vrystelling van amptelike statistieke wat van tyd tot tyd deur Statistieke Suid-Afrika, die Verenigde Nasies se beginsels van amptelike statistieke en die Afrika-handves oor Statistiek bepaal word, voldoen aan relevante streeks-, kontinentale en globale raamwerke wat die produksie en gebruik van statistieke reguleer; en
*(f)* met betrekking tot administratiewe en indiensnemingskwessies en sy werkprogram, aanspreeklik wees aan die rekenpligtige gesag van sodanige staatsorgaan en moet, met betrekking tot professionele standaarde vir die vervaardiging en hantering van data en statistieke binne daardie staatsorgaan, optree in ooreenstemming met die leiding van die Statistikus-generaal.

(22) Elke entiteit binne die NSS—

*(a)* moet voldoen aan alle standaarde vir die vervaardiging van amptelike statistieke wat van tyd tot tyd deur die Statistikus-generaal uitgereik word;
*(b)* moet verseker dat amptelike statistieke of statistieke wat moontlik aangewys kan word as amptelike statistieke wat daardie entiteit uit registers, administratiewe rekords of lyste, of opnames produseer, voldoen aan die vereistes van die SASQAF soos bepaal deur die Statistikus-generaal; en
*(c)* mag tegniese ondersteuning en advies van Statistieke Suid-Afrika inwin oor die ontwikkeling van registers en die uitvoering van opnames en voldoening aan die SASQAF.

(23) Entities within the NSS involved in the production of statistics must take all reasonable and expeditious steps, through proper planning, reporting, scheduling and other appropriate means, to seek the timeous designation of their statistics by the Statistician-General as official statistics under subsection (7).

(24) The Cabinet, the Minister or other Ministers, the Forum of South African Directors-General or a cluster of that Forum, may decide that data collected or in the process of being collected by a particular entity within the NSS, must be prioritised for consideration by the Statistician-General, to be designated as official statistics.

(25) In the case of data contemplated in subsection (24), the entity within the NSS must ensure that the statistical data is finalised for purposes of being assessed for such designation within a period not exceeding three years from the date on which, such entity within the NSS, is informed of the decision to prioritise such data for designation as official statistics.

(26) For the purposes of designating data produced by Statistics South Africa or any entity within the NSS as official statistics, the Statistician-General must constitute data quality assessment teams to undertake independent audits or assessments of statistics of such data against quality criteria provided by the SASQAF.

(27) Data series submitted for consideration that comply with the criteria of the SASQAF, must be certified as official statistics by the Statistician-General.

(28) In the event that any data series submitted for consideration do not comply with the criteria of the SASQAF, the relevant entity within the NSS must, with the support to be provided by Statistics South Africa, draw up and implement a statistical improvement plan with a view to improve the quality of such data series to meet the criteria determined for designation as official statistics.

(29) The Statistician-General must periodically, at such times as he or she may determine, through the data quality assessment teams, review the quality of data series that have already been designated as official statistics, to determine whether they have maintained their status as such, failing which their designation as official statistics may be terminated by the Statistician-General or may be continued, subject to such conditions as may be determined by the Statistician-General.

(30) Organs of state must—

*(a)* on an annual basis, submit statistical plans to the Statistician-General for his or her consideration and approval;

*(b)* ensure that their statistical plans are aligned with national, regional, continental, international and other reporting requirements; and

*(c)* submit annual reports on their statistical collection programmes and activities to the Statistician-General for the purposes of review, to determine the need for possible support by Statistics South Africa and to decide whether the report must be tabled by the Minister in Parliament.''.

**Amendment of section 15 of Act 6 of 1999**

**9.** Section 15 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

''(1) For the purposes of making enquiries or observations necessary for achieving the purpose of this Act, the Statistician-General or any officer of Statistics South Africa authorised by him or her may enter on any land or premises **[, other than a private dwelling,]** of any individual, organ of state, business or other organisation and inspect anything thereon or therein—

(23) Entiteite binne die NSS wat by die produksie van statistieke betrokke is, moet alle redelike en vinnige stappe doen, deur behoorlike beplanning, verslagdoening, skedulering en ander toepaslike maniere, om hulle statistieke tydig deur die Statistikus-generaal kragtens subartikel (7) as amptelike statistieke te laat aanwys.

(24) Die Kabinet, die Minister of ander Ministers, die Forum van Suid-Afrikaanse Direkteurs-generaal of ’n groepering van daardie Forum, kan besluit dat data wat deur ’n bepaalde entiteit binne die NSS ingesamel is of ingesamel word, geprioritiseer moet word vir oorweging deur die Statistikus-generaal, om as amptelike statistieke aangewys te word.

(25) In die geval van data beoog in subartikel (24), moet die entiteit binne die NSS verseker dat die statistiese data gefinaliseer word vir doeleindes om vir sodanige aanwysing beoordeel te word binne ’n tydperk van hoogstens drie jaar vanaf die datum waarop sodanige entiteit binne die NSS, in kennis gestel word van die besluit om sulke data te prioritiseer vir aanwysing as amptelike statistieke.

(26) Vir die aanwysing van data wat deur Statistieke Suid-Afrika of enige entiteit binne die NSS geproduseer word as amptelike statistieke, moet die Statistikus-generaal datagehaltebeoordelingspanne saamstel om onafhanklike oudits of beoordelings van statistieke van sodanige data te onderneem teen maatstawwe vir gehalte wat deur die SASQAF verskaf word.

(27) Datareekse wat vir oorweging ingedien word en wat aan die maatstawwe van die SASQAF voldoen, moet deur die Statistikus-generaal as amptelike statistieke gesertifiseer word.

(28) Indien enige datareeks wat vir oorweging ingedien word nie aan die maatstawwe van die SASQAF voldoen nie, moet die betrokke entiteit binne die NSS, met die ondersteuning wat deur Statistieke Suid-Afrika verskaf word, ’n statistiese verbeteringsplan opstel en in werking stel, met die oog op die verbetering van die gehalte van sulke datareekse om te voldoen aan die maatstawwe wat vir aanwysing as amptelike statistieke bepaal is.

(29) Die Statistikus-generaal moet periodiek, wanneer hy of sy bepaal dit is nodig, deur middel van die datagehaltebeoordelingspanne, die gehalte van datareekse wat reeds as amptelike statistieke aangewys is, hersien om te bepaal of hulle hul status as sodanig gehandhaaf het, by gebreke waarvan hul aanwysing as amptelike statistieke deur die Statistikus-generaal beëindig kan word of voortgesit kan word, onderworpe aan die voorwaardes wat deur die Statistikus-generaal bepaal kan word.

(30) Staatsorgane moet—

*(a)* statistiese planne jaarliks aan die Statistikus-generaal voorlê vir sy of haar oorweging en goedkeuring;

*(b)* verseker dat hul statistiese planne ooreenstem met nasionale, streeks-, kontinentale, internasionale en ander verslagdoeningsvereistes; en

*(c)* jaarverslae oor hul statistiese versamelingsprogramme en aktiwiteite aan die Statistikus-generaal voorlê vir doeleindes van hersiening, om die behoefte aan moontlike ondersteuning deur Statistieke Suid-Afrika te bepaal en om te besluit of die verslag deur die Minister in die Parlement ter tafel gelê moet word.’’.

**Wysiging van artikel 15 van Wet 6 van 1999**

**9.** Artikel 15 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

‘‘(1) Ten einde die navrae of waarnemings te doen wat nodig is om die oogmerke van hierdie Wet te bereik, kan die Statistikus-generaal of enige beampte van Statistieke Suid-Afrika deur hom of haar gemagtig, die grond of perseel**[, uitgesonderd ’n private woning,]** van enige individu, staatsorgaan, besigheid of ander organisasie betree en enigiets daarop of daarin inspekteer—

*(a)* on the authority of a warrant issued in terms of subsection (2); or
*(b)* with the consent of the person who is competent to consent to such entry and inspection.''.

**Amendment of section 18 of Act 6 of 1999**

**10.** Section 18 of the principal Act is hereby amended—
*(a)* by the substitution in subsection (1) for the words following paragraph *(g)* of the following words:
''is guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding **[R10 000]** R20 000, or such higher amount as is determined from time to time by the Minister of Justice as contemplated in section 1(1)*(a)* of the Adjustment of Fines Act, 1991 (Act No. 101 of 1991), or to imprisonment for a period not exceeding six months or to both such fine and such imprisonment.'';
*(b)* by the substitution in subsection (2) for the words following paragraph *(b)* of the following words:
''is guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding **[R10 000]** R20 000, or such higher amount as is determined from time to time by the Minister of Justice as contemplated in section 1(1)*(a)* of the Adjustment of Fines Act, 1991, or to imprisonment for a period not exceeding six months or to both such fine and such imprisonment.'';
*(c)* by the substitution in subsection (3) for the words preceding paragraph *(a)* of the following words:
''Any individual **[other than an employee of an organ of state]**, business or other organisation that—'';
*(d)* by the substitution in subsection (3) at the end of paragraph *(e)* for the comma of ''; and'' and by the addition of the following paragraph:
''*(f)* wilfully discloses any statistical information contrary to the provisions of this Act,'';
*(e)* by the substitution in subsection (3) for the words following paragraph *(e)* of the following words:
''is guilty of an offence and liable on conviction—
''(i) in the case of an individual, to a fine not exceeding **[R10 000]** R20 000, or such higher amount as is determined from time to time by the Minister of Justice as contemplated in section 1(1)*(a)* of the Adjustment of Fines Act, 1991, or to imprisonment for a period not exceeding six months or to both such fine and such imprisonment; and
(ii) in the case of a business or other organisation, to a fine not exceeding **[R20 000]** R200 000 or an amount determined by the Minister from time to time by notice in the *Gazette*.''; and
*(f)* by the substitution in subsection (4)(*b*) for subparagraphs (i) and (ii) of the following subparagraphs:
''(i) in the case of an individual, to a fine not exceeding **[R500]** R1 000 or an amount determined by the Minister from time to time by notice in the *Gazette*; or
(ii) in the case of a business or other organisation, to a fine not exceeding **[R2 000]** R20 000 or an amount determined by the Minister by notice in the *Gazette*.'';

**Insertion of section 20A into Act 6 of 1999**

**11.** The following section is hereby inserted after section 20 of the principal Act:

**''Regulations**

**20A.** (1) The Minister, after consultation with the Statistician-General and the Statistics Council, may make regulations regarding—
*(a)* any matter required or permitted to be prescribed by this Act;
*(b)* coordination of the entities within the NSS;

*(a)* op gesag van 'n lasbrief ingevolge subartikel (2) uitgereik; of
*(b)* met die toestemming van die persoon wat bevoeg is om toe te stem tot sodanige betreding en inspeksie.''.

**Wysiging van artikel 18 van Wet 6 van 1999**

**10.** Artikel 18 van die Hoofwet word hierby gewysig—
*(a)* deur in subartikel (1) die woorde wat op paragraaf *(g)* volg deur die volgende woorde te vervang:
''is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens **[R10 000]** R20 000 of die hoër bedrag wat die Minister van Justisie van tyd tot tyd bepaal, soos beoog in artikel 1(1)*(a)* van die Wet op die Aanpassing van Boetes, 1991 (Wet No. 101 van 1991), of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande of met beide sodanige boete en sodanige gevangenisstraf.'';
*(b)* deur in subartikel (2) die woorde wat op paragraaf *(b)* volg deur die volgende woorde te vervang:
''is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens **[R10 000]** R20 000 of die hoër bedrag wat die Minister van Justisie van tyd tot tyd bepaal, soos beoog in artikel 1(1)*(a)* van die Wet op die Aanpassing van Boetes, 1991, of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande of met beide sodanige boete en sodanige gevangenisstraf.'';
*(c)* deur in subartikel (3) die woorde wat paragraaf *(a)* voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:
''Enige individu **[uitgesonderd 'n werknemer van 'n staatsorgaan]**, besigheid of ander organisasie wat—'';
*(d)* deur in subartikel (3) aan die einde van paragraaf *(e)* die komma deur ''; en'' te vervang en deur die volgende paragraaf by te voeg:
''*(f)* opsetlik enige statistiese inligting openbaar maak in stryd met die bepalings van hierdie Wet,'';
*(e)* deur in subartikel (3) die woorde wat op paragraaf *(e)* volg deur die volgende woorde te vervang:
''is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met—
(i) in die geval van 'n individu 'n boete van hoogstens **[R10 00]** R20 000 of die hoër bedrag wat die Minister van Justisie van tyd tot tyd bepaal, soos beoog in artikel 1(1)*(a)* van die Wet op die Aanpassing van Boetes, 1991, of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande of met beide sodanige boete en sodanige gevangenisstraf; en
(ii) in die geval van 'n besigheid of 'n ander organisasie, 'n boete van hoogstens **[R20 000]** R200 000 of 'n bedrag van tyd tot tyd deur die Minister by kennisgewing in die *Staatskoerant* bepaal.''; en
*(f)* deur in subartikel (4)*(b)* paragrawe (i) en (ii) deur die volgende subparagrawe te vervang:
''(i) in die geval van 'n individu, met 'n boete van hoogstens **[R500]** R1 000 of 'n bedrag van tyd tot tyd deur die Minister by kennisgewing in die *Staatskoerant* bepaal; of
(ii) in die geval van 'n besigheid of ander organisasie, met 'n boete van hoogstens **[R2 000]** R20 000 of 'n bedrag deur die Minister by kennisgewing in die *Staatskoerant* bepaal.''.

**Invoeging van artikel 20A in Wet 6 van 1999**

**11.** Die volgende artikel word hierby na artikel 20 in die Hoofwet ingevoeg:

''**Regulasies**

**20A.** (1) Die Minister, na oorleg met die Statistikus-generaal en die Statistiekraad, kan regulasies uitvaardig aangaande—
*(a)* enige aangeleentheid wat deur hierdie Wet vereis of toegelaat word om voorgeskryf te word;
*(b)* koördinering van die entiteite binne die NSS;

*(c)* statistical collection methodology and standards;
*(d)* procedure on entry and inspection by officials;
*(e)* protocols and guidelines on data, access, and confidentiality as contemplated in section 14(18);
*(f)* appropriate mechanisms and structures for statistical reporting;
*(g)* guidelines to implement a National Strategy for the Development of Statistics as contemplated in section 14(13)*(b)*;
*(h)* guidelines on the functioning of the Statistical Clearing House as envisaged in section 14(15)*(e)*; and
*(i)* any other matter incidental to the matters listed in paragraphs *(a)* to *(h)*.

(2)*(a)* The Minister must publish the regulations to be made under subsection (1) in the *Gazette* for public comment at least 30 days before the date contemplated for their commencement.

(*b*) If the Minister alters the draft regulations, as a result of any comment, he or she need not publish those alterations before making the regulations.''.

**Short title**

**12.** This Act is called the Statistics Amendment Act, 2024, and takes effect on a date fixed by the President by proclamation in the *Gazette*.

This gazette is also available free online at **www.gpwonline.co.za**

*(c)* statistiese versamelingsmetodologie en -standaarde;
*(d)* prosedure by betreding en inspeksie deur beamptes;
*(e)* protokolle en riglyne oor data, toegang en vertroulikheid soos in artikel 14(18) beoog;
*(f)* gepaste meganismes en strukture vir statistiese verslagdoening;
*(g)* riglyne om 'n Nasionale Strategie vir die Ontwikkeling van Statistieke in werking te stel, soos in artikel 14(13)*(b)* beoog;
*(h)* riglyne oor die funksionering van die Statistiese Klaringshuis soos in artikel 14(15)*(e)* beoog; en
*(i)* enige ander aangeleentheid insidenteel tot die aangeleenthede wat in paragrawe *(a)* tot *(h)* gelys is.

(2)*(a)* Die Minister moet die regulasies wat kragtens subartikel (1) uitgevaardig gaan word, in die *Staatskoerant* publiseer vir openbare kommentaar ten minste 30 dae voor die datum wat vir hul inwerkingtrede in die vooruitsig gestel word.

*(b)* Indien die Minister die konsepregulasies na aanleiding van enige kommentaar verander, hoef hy of sy nie daardie veranderings te publiseer voordat die regulasies uitgevaardig word nie.''.

**Kort titel**

**12.** Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Statistieke, 2024, en tree in werking op 'n datum deur die President by proklamasie in die *Staatskoerant* vasgestel.

This gazette is also available free online at **www.gpwonline.co.za**